

Raak betrokke!

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

IN die Bult
(Die Here se lidmate in
GK Potch Bult)

OP die Bult
(Die Here se
stukkies aarde
wat ons die
Bult noem)

**OOR
die Bult**
(Die Here se
hele wêreld)

IN die Bult

Kleuterbediening

Laer- en Hoërskool

Katkisasie

G5 Luisterbediening op die Bult

Studente en Jong werkendes

Diensgroep vir Senior lidmate

Gebedsgroep

Siekebesoeke

Fotoprojek

Dataprojeksie

Blomme

Engelse Erediens

Susters

Onthaalkomitee

Kleuterbediening



Marida Coetzee
084-678-3863

Elke Sondag tydens die oggenddiens, word daar 'n program aangebied vir kleuters. Daar is 'n vooraf uitgewerkte les wat behandel word, op so 'n manier dat hulle dit verstaan en sal onthou. Ons begin deur Christelike liedjies te sing wat vir meeste van die kleuters bekend is. Daar word ook 'n deel uit die Bybel gelees en aktiwiteite met hulle gedoen om die lessie te verstaan. Die kleuters geniet dit elke Sondag vreeslik baie, en ons wat dit aanbied geniet dit amper meer. Jy sal verbaas wees hoe baie hierdie kindertjies ons kan leer om weer soos 'n kind te glo. Ons het die kleuterkerk-lokaal onlangs oorgeverf om dit vir die kinders lekkerder te maak (kom loer gerus in). Ons is vier mense wat betrokke is hierby, maar ons soek nog steeds nog iemand om ons te help. Dit gaan dus net elke vyfde Sondag jou beurt wees. As u dalk belangstel, kontak my (Marida Coetzee) by 084 678 3863.

Laer- en Hoërskool



Fanie Coetsee
082-520-5168

Ons gemeente vat saam met Oos en Mooirivier hande in die bediening aan ons laerskool-en hoërskooljeug. Agt keer per jaar word daar 'n gesamentlike erediens gehou waartydens die laerskool en hoërskoolkinders buite die erediens op hulle vlakke bedien word. Die laerskoolaksie word voor elke byeenkoms beplan. Die hoërskoolkinders is in Mentorgroepe opgedeel waarbinne hulle op die aande vergader en ook tussen die geleenthede deur bymekaar kom. Toerusting word voor elke byeenkoms aan die Mentors gegee.

Jy is welkom om te kom help met die beplanning en aanbieding by laerskoolkinders of indien jy bereid is om as mentor op te tree kan jy met ons in verbinding tree.

Katkisasie



Braam Pieterse
082-923-4881

Kategese is 'n kerklike diens, en die opdrag ten opsigte van kategese is 'n ampsopdrag. Die Bedienaar van die Woord is dus die werklike kategeet in die gemeente, en word deur onderwysers bygestaan. Die doel van die kategese is om die suiwere leer na die kinders oor te dra en te bewaar, om sodoende God te ken en die geloof in Hom te bely, om God te vrees en godsalig te lewe, om getroos te wees en die ewige lewe te verwag.

Kategese is 'n amptelike opdrag van God aan die kerk om toe te sien dat die gedoopte verbondskinders in die kerk deur kategetiese onderrigleer opgroei tot geloofsvolwassenheid en belydenis van geloof. Die feit dat die kinders gedoop is, is die motivering dat hulle die leeruitkomst van die kategese sal verstaan en dit sal najaag.

Die Katkisasieklasse bestaan onder andere uit Lesse wat weekliks vooraf deur die onderwyser en kinders uit Werkboeke voorberei moet word. Ouers speel hierin 'n baie belangrike rol deur hulle kinders – die katkisante – te help met die voorbereiding. 'n Jaarprogram word aan elke katkisant voorsien. Ouers sal dus, soos die katkisante, weet watter les by elke klas behandel sal word.

Getroue bywoning van die klasse is baie belangrik. Ondersteuning van die ouers word in hierdie verband gevra. Sal ouers dus asseblief hulle kinders help en ondersteun om getrou die lesse voor te berei en die klasse getrou by te woon.

As jy belangstel om betrokke te raak by die katkisasie, of vir meer inligting, skakel gerus vir Braam.

G5 Luisterbediening op die Bult



Fanie Coetzee
082-520-5168

Om na die Here, mekaar en die mense op die Bult te luister moet 'n lewenswyse vir ons word indien ons hulle met die Evangelie wil bereik. Ons het met die bediening op pad gegaan sonder om te weet waar ons gaan eindig. Die bediening word gevorm soos wat ons ons gelei word. Om mense te kan bedien moet ons eers uitvind wat hulle behoeftes en vreugdes is. Hierdie bediening op die Bult staan in die kern van die fokus van die nuwe gemeente. Ons is tans besig om 'n diensgroep uit te brei tot alle lidmate wat sou belangstel om saam te dink en te bid oor die saak. Ons is tans besig met die inrigting van 'n Studiesentrum in eksamentye asook die inrigting van 'n G5 koffiekamer.

Studente & Jong werkendes



Fanie Coetzee
082-520-5168

Deur die loop van die jaar word daar aksies gehou, onder andere: Pizza-en-wyn, Braai-kuiers, Sangaande en ander byeenkomste. Daar is ook tans vyf kleingroepe wat bestaan uit studente en jong werkendes, wat op 'n gereelde basis vergader. Jy kan op verskillende maniere betrokke raak: deur die reël van aksies (etes, uitreike, kampe, ens.), stig van nuwe kleingroepe... Enige voorstelle is welkom!

Diensgroep vir senior lidmate



Orton Becker
082-322-5352

Hoe kan jy help?

Ons gemeente bestaan uit 'n groot groep senior lidmate, wat partymaal hulp nodig het. Selfs al is dit net om nou en dan by iemand te gaan kuier, of dalk vir iemand inkopies te gaan doen, of selfs net by die kerk te kom aflaai...

Hoe kan ons jou help?

Wil jy graag hê dat iemand nou en dan by jou kom kuier? Of het jy dalk hulp nodig met inkopies? Neem asseblief vrymoedigheid om te sê as daar enige manier is hoe ons jou kan help. Selfs al is dit net om jou op 'n Sondag by jou huis te gaan haal en saam te bring kerk toe!

Gebedsgroep



Cobus van der Walt
083-768-0474

Vrydagoggende is daar 'n gebedsgroep wat om 07:30 bymekaarkom en voorbidding doen vir gemeente-aktiwiteite, uitreike, sendingbedieninge en sake regoor die wêreld. Kom bid vir 'n uur saam met ander gelowiges!

Siekebesoeke



Helene van der Walt
082-558-4700

Om 'n besoek van 'n gemeentelid te kry kan enigiemand in die hospitaal se dag ophelder. Dié groep maak 'n punt daarvan om lidmate te besoek wat siek is, of selfs in die hospitaal is.

Gewoonlik word die Lantern as “besoek-lys” gebruik, want lidmate wat siek is / in die hospitaal is, se name word meestal onder “Meelewing” genoem.

As jy by die groep betrokke wil raak, skakel gerus met Helene.

Neem gerus vrymoedigheid om die kerkkantoor te kontak indien jy siek is / in die hospitaal is. Ons wil jou graag ondersteun en bystaan.

Fotoprojek



Kerkkantoor
018-297-4843

Om mekaar beter te leer ken, wil ons graag alle lidmate se foto's op die dataprojeksiebord vertoon.

Alle foto's word by die kerkkantoor versamel, maar daar is nuwe lidmate (en 'n klompie oues!) wie se foto's nog verkry moet word. Indien jy bereid is om foto's in te samel, of foto's te gaan neem, sal jou hulp baie waardeer word!

Dataprojeksie



Adelle Lotter
083-286-3811

Elke Sondag word die liedere en skriflesing op die projeksiebord vertoon. Die Powerpoint word weekliks saamgestel deur 'n lid van die dataprojektiespan, en word dan ook Sondag op die bord vertoon. Gemiddeld het elke persoon per maand een beurt. Alhoewel dit moeilik kan lyk om die dataprojeksie op te stel, is dit nie. Die meeste inligting is vooraf opgestel, sodat dit net gebruik kan word. As jy basies rekenaarvaardig is, dan kan jy beslis help!

Blomme



Elize Pienaar
018-294-4190

Elke Sondag is daar 'n blommeruiker in die gemeente wat vir iemand in die gemeente gegee word. Dit is elke Sondag iemand anders se beurt om dit te gaan haal by die blomwinkel, en na die kerk toe bring. Sondagaand na die diens moet die persoon dit dan ook by die lidmaat wat dit ontvang gaan afgee.

Engelse Erediens



Jaap Verhoef
018-294-6502

Die gemeente is bevoorreg om so geleë te wees dat persone van verskillende kulture hier ontmoet met die Universiteit as gemene deler. Die eerste Koreaanse lidmate het in 1978 by die gemeente aangekom. Soos die GKSA se bande met die kerke in Korea versterk het, het die hoeveelheid Koreaanse lidmate 'n konstante stroom geword.

Aanvanklik is hierdie lidmate bedien deur middel van 'n tolkdienst. Die hoeveelheid Engels-sprekende lidmate het egter bly toeneem, veral soos verskillende kultuurgroepe tot die universiteit toegelaat is na 1990. Sedertdien het studente van oral oor die wêreld hier anker gegooi vir 'n paar jaar.

Die eerste Engelse eredienst is gehou op 2 Junie 2002. Deesdae is die diens elke Sondag om 11:30 in die kerkgebou. Die huidige groep Engels-sprekende lidmate is 'n lewendige groep wat bestaan uit een kleingroep en twee wyke.

Die Engelse lidmate het dit as hulle doelwit gestel om uit te reik na die groot hoeveelheid Engels-medium studente op en naby die Bult, wat nie toegang het tot Engelse Woordbediening nie. Die groep wil groei in die kwaliteit van hulle verhouding tot God, en in die hoeveelheid mense wat hulle bereik.

Susters



Judie Coetsee
018-293-3789

Die susterskomitee reël hoofsaaklik die teebeurte van Sondae en gemeente-etes, in samewerking met die diakonie en onthaalkomitee. Soms doen ons iets net vir die susters van die gemeente, maar daar is nie maandelikse vergaderings nie. Versoeke van buite-instansies vir die gebruik van ons saal en breekgoed word deur 'n subkomitee vanuit die susterskomitee hanteer. Ons is ook verantwoordelik om die jaarlikse sustersaamtrek vir 2013 vir die streek aan te bied. As u enige voorstelle het of wil deelneem kan u gerus met Judie skakel.

Onthaalkomitee



Retha van Wyk
083-967-1511

Die onthaalkomitee is 'n nie-winsgewende sustersorganisasie wat funksies hanteer in die gemeenteverband. Hulle het al funksies gereël soos 'n gemeentepiekniek, sop-en-sjerrie-aand en verskeie gemeente-etes. Hulle behartig ook die spyseniering van klein funksies in die kerksaal, soos verjaarsdae of huweliksherdenkings.

Indien jy belangstel om betrokke te raak, of vir meer inligting, skakel gerus met Retha.

OP die Bult

Kosbank

Sopkombuis

Straatskoonmakers

Bet-Ezer



In ons nabye omgewing is daar tog nog gesinne of individue is wat deur krake val wanneer dit kom by kos. Die persone het werk en stuur hulle kinders skool toe en funksioneer net-net. Hulle situasie is van so aard dat hulle nie by 'n sopkombuis of liefdadigheidsprojek sal gaan aanklop nie, maar hulle het tog soms nie kos op die tafel nie. Die kosbank poog om die gaping te vul. Dit is gemik op persone wat verantwoordelikheid neem vir hulle eie lewens, maar wat weens omstandighede buite hulle beheer soms net te min het om te oorleef. Hulp uit die kosbank beteken dan vir hierdie mense dat hulle nie by die punt kom waar hulle sonder heen kome sit nie. Die kosbank poog om slegs eenmalige of tydelike hulp te voorsien, sodat persone wat hulp ontvang steeds verantwoordelikheid behou.

Jy kan by hierdie projek betrokke raak, deur nie-bederfbare produkte (bv. Blikkies kos, sojaveis, suiker, meliemeel, ens.) te skenk. Die kosbank word bestuur by die kerkkantoor, en deur middel van beriggies in die nuusbrieff, sal daar aan die gemeente gevra word as daar 'n tekort is. Jy is natuurlik ook welkom om op 'n gereelde basis skenkings te gee.

Sopkombuis



Elsa Els
082-460-0939

Elke Maandagoggend is daar reeds vroeg 'n gewoel by die kerksaal. Dit is die Sopkombuis wat gereed gemaak word. Een maal per week word daar vir ongeveer 50-70 mense kos gegee. Elke persoon kry 'n ruim porsie sop en brood, en luister na die Woord van God terwyl hulle eet. Verskeie vroue van die gemeente maak beurte om sop te kook. Hulle probeer om soveel as moontlik voedingswaarde in die sop te verseker. Die gemeente kry skenkings van brood van die nabygeleë Superspar en van Turkstra-bakkerij. Terwyl die kos opgeskep word, word die mense onderrig uit die Bybel in hulle moedertaal, en luister hulle na Christelike musiek.

Jy kan 'n bydrae lewer deur vooraf sop te maak, brood te gaan haal of selfs net te kom help opdien.

Straatskoonmakers



Johan de Klerk
082-884-7061

As gelowiges stem ons almal saam dat alles aan die Here behoort en dat ons slegs rentmeesters is van sy gawes. Daar is velerlei wyses waarop ons hierdie roeping kan uitleef – van baie teoreties tot heel prakties. Een van die mees praktiese metodes is doodeenvoudig om die strate om jou huis, om die kerk en op die hele Bult-omgewing te help skoonhou. Kom word deel van 'n groep wat ongeveer een keer per maand laatmiddag vir 'n uur een of meer straatblokke takel en skoonmaak. En laat so jou Christelike lig skyn.



In 2001 het 'n groep studente 'n huis by die stadsraad in bruikleen gekry en begin om hawelose vroue met kinders te versorg. Toe die huis nie verder beskikbaar was nie, het die 7 Gereformeerde gemeentes in Potchefstroom vergader en besluit om almal saam te help om 'n huis te huur vir die ondersteuning van hawelose gesinne. Die projek word bestuur deur 'n komitee verteenwoordigend van al die gemeentes. Die idee is dat die gesinne gehelp word om weer selfstandig te funksioneer. Die hulp istydlik van aard in die vorm van kos, klere, huisvesting en verkryging van werk. Geestelike ondersteuning en inskakeling by 'n Christelike Kerk is 'n primêre doelstelling. Die projek konsentreer op gesinne met kinders. Egpere sonder kinders word na Huis Hebron verwys. Elke maand word toerusting in lewensvaardighede aangebied vir die gesinne in die projek. Waar ons as mense 'n afsnypunt het vir die goedheid wat ons aan ander sal bewys indien die persoon nie verantwoordelik reageer nie, het God geen so afsnypunt nie. God is altyd weer barmhartig. Hierdie barmhartigheid is deel van ons geloofsuitlewing.

VOOR die Bult

Venterskroon

Ander Sendingprojekte

Woordkafee

Sending in Mosambiek

Sending in burundi

Franse Radiobediening

Mukhanyo Teologiese Skool

Ikageng Bophirima



GK Potchefstroom-Noord was sedert 1992 besig met werk in die Vredefort Koepel, sowat 40 km buite Potchefstroom. Dit het begin met Bybelklasse vir die kinders van plaaswerkers. Die ouers van die kinders het egter oor en oor gevra: “Kan ons nie ook kerk kry nie?”, totdat dié geroep nie meer geïgnoreer kon word nie.

Tans preek Prof. Rantsoa Letsosa. Katkisasie vir kinders en evangelisasieklasse vir grootmense gaan voort elke Sondag na die diens. Die groep in Venterskroon funksioneer nou as 'n wyk van Cachet.

Die mense van Venterskroon is armoedig, maar besonder lewensbly. Talle persone wat al aan die projek deelgeneem het, het bewoë met daardie les van blyheid hui toe gegaan. Die mense het geen krag of lopende water nie en woon in 'n radius van 30 km rondom die bymekaarkomplek, maar Sondag na Sondag is hulle daar.

Die bediening daar het die volgende behoeftes:

- Mannekrag wat kan help op Sondae, of met huisbesoek en hospitaalbesoek.
- Enige klere, skoene, huisware, ens. (gee gerus by die kerkkantoor af)
- Mense wat sal help klerepakkies maak twee maal per jaar.
- Finansiële bydraes om die voertuie te onderhou, brandstof te betaal en diakonale hulp te verleen.
- Gebed dat die projek van krag tot krag sal gaan.

Ander sendingprojekte

skakelpersone

Woordkafee

 Theo Jooste: 018-297-3605

Sending in Mosambiek (Pemba)

 Cobus van der Walt: 083-768-0474

Sending in Burundi

 Annatjie Verhoef: 018-294-6502

Franse Radiobediening

 Koos Grobler: 082-920-8277

Mukhanyo Teologiese Skool

 Koos Schoeman: 082-433-8222

Ikageng Bophirima

 Daan Taljaard: 082-705-1295

BEHOEFTE



Kerkkantoor
018-297-4843

Alhoewel hierdie projekte in hierdie boekie voldoende mag lyk, is daar nog 'n groot aantal behoeftes IN, OP en OOR die Bult.

Hier is net 'n paar voorstelle, en as jy bereid is om dit op jou te neem skakel gerus met die kerkkantoor.

- Verwelkoming van nuwe intrekkers
- Gemeentekoor
- Skakeling dmv Facebook, Twitter en ander sosiale media
- Skryf "Kom ons leer mekaar ken"-beriggies vir die Lantern
- Brei mussies en serpe vir die mense wat Sopkombuis toe kom
- Uitbreiding van die Studente-bediening
- Uitreike

Indien daar inligting in hierdie boekie is wat verkeerd is, of opgedateer moet word, tree gerus in verbinding met die kerkkantoor (gkbult@gmail.com / 018-297-4843).

Vul in ...

skeur af en gooi in die geel blik
(in die molenstraat-portaal)

Naam: _____

Telefoonnommer: _____

Vrae / kommentaar: _____

**Maak 'n regmerkie
by die projek
waarby jy betrokke
wil raak!**

As jy 'n nuwe
projek wil begin,
kontak gerus die
kerkkantoor!

	Kleuterbediening
	Laerskool- & Hoërskoolbediening
	Katkisasie
	Studente en jong werkendes
	G5 Luisterbediening
	Diensgroep vir Senior lidmate
	Siekebesoeke
	Dataprojeksie
	Blomme
	Fotoprojek
	Engelse Erediens
	Susters
	Onthaalkomitee
	Gebedsgroep
	Sopkombuis
	Kosbank
	Bet-Ezer
	Straatskoonmakers
	Venterskroon

